# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 462 Cape Town, Kaapstad, 10 December Desember 2003 **No. 25830**


**THE PRESIDENCY**

No. 1797 10 December 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 40 of 2003: Electoral Laws Second Amendment Act, 2003.**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 1797 10 Desember 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 40 van 2003: Tweede Wysigingswet op Kieswette, 2003.**


25830
9 771682 584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 5 December 2003.)*

# ACT

**To amend the Electoral Laws Amendment Act, 2003, so as to substitute a phrase in the long title thereof; to amend the Electoral Act, 1998, so as to enable voters who are temporarily absent from the Republic during elections to apply for a special vote.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Substitution of long title of Act 34 of 2003**

**1.** The following long title is hereby substituted for the long title of the Electoral Laws Amendment Act, 2003:

"To amend the Electoral Act, 1998, so as to limit the application of the Act with regard to municipal councils; to make new provision regarding applications for registration as a voter; to repeal obsolete provisions; to make new provision regarding voters' rolls, prisoners' voting, special votes, voting hours, assistance to **[handicapped]** voters with disabilities, objections, review of voting districts, voting stations and conciliation in disputes; to change the Schedule; and to insert a new Schedule prescribing the system of representation in the National Assembly and provincial legislatures; and to amend the Electoral Commission Act, 1996, so as to make new provision regarding the registration of parties; and to provide for matters connected therewith.".

**Amendment of section 33 of Act 73 of 1998, as amended by section 9 of Act 34 of 2003**

**2.** Section 33 of the Electoral Act, 1998, is hereby amended by the addition in subsection (1) of the following paragraph:

"*(e)* temporary absence from the Republic for purposes of a holiday, a business trip, attendance of a tertiary institution or an educational visit or participation in an international sports event, if the person notifies the Commission within 15 days after the proclamation of the date of the election, of his or her intended absence from the Republic, his or her intention to vote, and the place where he or she will cast his or her vote.".

**Short title**

**3.** This Act is called the Electoral Laws Second Amendment Act, 2003, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| __________ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 5 Desember 2003.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wysigingswet op Kieswette, 2003, ten einde 'n uitdrukking in die lang titel daarvan te vervang; tot wysiging van die Kieswet, 1998, ten einde kiesers wat tydelik uit die Republiek afwesig is in staat te stel om om 'n spesiale stem aansoek te doen.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Vervanging van lang titel van Wet 34 van 2003**

**1.** Die lang titel van die Wysigingswet op Kieswette, 2003, word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"Tot wysiging van die Kieswet, 1998, ten einde die toepassing van die Wet met betrekking tot munisipale rade te beperk; nuwe voorsiening te maak aangaande aansoeke om registrasie as 'n kieser; uitgediende bepalings te herroep; nuwe voorsiening te maak aangaande kieserslyste, stemming van gevangenes, spesiale stemme, stemure, bystand aan **[gestremde]** kiesers met gestremdhede, besware, hersiening van stemdistrikte, stemlokale en bemiddeling in geskille; die Bylae te verander; en 'n nuwe Bylae in te voeg wat die stelsel van verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers voorskryf; en tot wysiging van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, ten einde nuwe voorsiening te maak aangaande die registrasie van partye; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.".

**Wysiging van artikel 33 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 34 van 2003**

**2.** Artikel 33 van die Kieswet, 1998, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die volgende paragraaf by te voeg:

"*(e)* tydelike afwesigheid uit die Republiek vir die doeleindes van 'n vakansie, 'n sakebesoek, bywoning van 'n tersiêre inrigting of 'n opvoedkundige besoek of deelname aan 'n internasionale sportbyeenkoms, indien die persoon die Kommissie binne 15 dae na die afkondiging van die datum van die verkiesing in kennis stel van sy of haar voorgenome afwesigheid uit die Republiek, sy of haar voorneme om te stem, en die plek waar hy of sy sy of haar stem sal uitbring.".

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Kieswette, 2003, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—4200
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—4200